http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/20-0-128

# Voorwoord

Vanjaar se nommer van *Lexikos* is 'n omvangryke bundel. Dit bevat 26 artikels wat 'n wye reeks leksikografiese onderwerpe vanuit verskeie hoeke benader en wat 'n verskeidenheid woordeboeke in verskillende tale bespreek. 'n Spesiale afdeling oor die samestelling van eentalige woordeboeke bied twee komplementêre artikels aan. In 'n verdere spesiale afdeling word Suid-Afrikaanse terminologiebestuur en -beleid in twee aanvullende artikels bespreek. Twee leksikografiese opnames oor uiteenlopende onderwerpe word beskryf: oor studente se opvattings van woordeboeke en oor studente se gebruik van sak-elektroniese woordeboeke. Die afdeling met leksikografiese notas bevat drie artikels oor die inkorporering en opname van leenwoorde in die Afrikatale en Afrikataalwoordeboeke. Twee resensieartikels en vyf resensies, gevolg deur twee bladsye publikasieaankondigings, sluit die inhoud af.

Hierdie nommer van *Lexikos* is die laaste wat ek sal redigeer. Nadat ek veertien jaar die redakteur van *Lexikos* was, het die tyd aangebreek om die redakteurskap aan iemand anders oor te dra. *Lexikos* sal nou op 'n roterende basis deur proff. E. Taljard, D.J. Prinsloo en R.H. Gouws geredigeer word. Ek wens hulle alles van die beste toe vir die komende jare.

Aan die begin van die jaar het prof. J. Taeldeman *Lexikos* ingelig dat hy uit die Adviesraad wil tree. *Lexikos* was gelukkig om die afgelope sestien jaar uit sy kundigheid te kon voordeel trek. Ek wil my beste wense aan hom oordra vir die toekoms. Sy plek word gevul deur prof. J. Van Keymeulen wat nie onbekend is aan *Lexikos* nie: hy het sowel artikels vir publikasie bygedra as bydraes vir *Lexikos* gekeur. Ek hoop sy verbintenis met *Lexikos* sal vir baie jare voortduur.

Gedurende die afgelope jare het die Redaksiekomitee van *Lexikos* talle kere verander, maar verskeie kernlede het gebly sedert die eerste Redaksiekomitee in 1994 saamgestel is. Dit is daarom aangenaam om twee nuwe lede te verwelkom: prof. A.N. Otto en mnr. D. Nkomo. Hulle is gereelde bydraers tot en keurders vir *Lexikos*. Hopelik sal hulle voortgaan om 'n vrugbare verbintenis met *Lexikos* te hê.

Elke nommer van *Lexikos* is 'n spanpoging. Die bydraers is belangrike lede van die span. Ewe belangrik egter is die keurders. Alhoewel baie artikels in 'n afgeronde vorm ontvang word, word baie ander aansienlik verbeter deur opmerkings en voorstelle van die keurders. Vir my as redakteur was dit altyd die bevredigendste en lonendste ondervinding om te sien hoe artikels op hierdie manier ontwikkel. Ek wil daarom al die keurders bedank wat gedurende die afgelope jare bygedra het om die gehalte van baie van die artikels in *Lexikos* te verbeter.

Die laaste tien jaar, sedert 2001, was me. Riette Ruthven verantwoordelik vir die setwerk van *Lexikos*. Behalwe haar vaardigheid op die rekenaar, het sy

http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/20-0-128



'n oog vir besonderhede en uitleg wat sowel die gehalte as die voorkoms van *Lexikos* verbeter het. Ek wil haar bedank vir haar aandeel in die totstandbrenging van *Lexikos* wat ongetwyfeld bygedra het tot sy toenemende sukses. Sy was ook grotendeels verantwoordelik vir die uitgebreide administratiewe pligte wat die las van die redakteur aansienlik verlig het. Die setwerk van toekomstige nommers sal hanteer word deur me. Hermien van der Westhuizen wat saam met me. Tanja Harteveld, me. Hanlie Meitzler en mnr. Etienne Botha die setwerk van die eerste agt nommers van *Lexikos* behartig het. Dit is aangenaam om haar terug te verwelkom. Hopelik sal haar hernude verbintenis met *Lexikos* net so stimulerend soos vroeër wees.

Oor die jare het me. Tanja Harteveld, behalwe vir haar bydrae tot die setwerk, gehelp met die oplossing van talle rekenaarhaakplekke en -probleme. Sy sal in hierdie hoedanigheid voortgaan. Behalwe dat sy as Resensieredakteur sal optree, sal sy ook verantwoordelik wees vir die administratiewe pligte van *Lexikos*. Ek wil haar bedank vir haar hulp in die verlede en wens haar 'n voortgaande suksesvolle verbintenis met *Lexikos* in die toekoms.

J.C.M.D. du Plessis
*Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/20-0-128

# Foreword

This year's issue of *Lexikos* is a comprehensive volume. It contains 26 articles approaching a wide range of lexicographic topics from several angles and discussing a variety of dictionaries in different languages. A special section on the compilation of monolingual dictionaries presents two complementary articles. In a further special section, South African terminology management and policy are discussed in two supplementary articles. Two lexicographic surveys on diverse subjects are described: on students' concepts of dictionaries and on students' use of pocket electronic dictionaries. The section with lexicographic notes contains three articles on the incorporation and inclusion of loan words in the African languages and African language dictionaries. Two review articles and five reviews, followed by two pages of publication announcements, conclude the contents.

This issue of *Lexikos* is the last that I will edit. After having been the editor of *Lexikos* for fourteen years, the time has come to pass on the editorship to somebody else. *Lexikos* will now be edited on a rotating basis by Proff. E. Taljard, D.J. Prinsloo and R.H. Gouws. I wish them everything of the best for the coming years.

At the beginning of the year Prof. J. Taeldeman informed *Lexikos* that he wants to resign from the Advisory Board. *Lexikos* has been fortunate that it could benefit from his expertise for the past sixteen years. I want to extend my best wishes to him for the future. His place has been filled by Prof. J. Van Keymeulen who is not unknown to *Lexikos*: he has both contributed articles for publication and refereed contributions to *Lexikos*. I hope his association with *Lexikos* will continue for many years.

During the past years, the Editorial Committee of *Lexikos* has changed many times, but several core members have remained since the first Editorial Board was composed in 1994. It is therefore a pleasure to welcome two new members: Prof. A.N. Otto and Mr. D. Nkomo. They are regular contributors to and referees for *Lexikos*. Hopefully they will continue to have a fruitful association with *Lexikos*.

Every issue of *Lexikos* is a team effort. The contributors are important members of the team. However, equally important are the referees. Although many articles are received in an accomplished form, many others have been considerably improved by comments and suggestions of the referees. For me as editor, it has always been a most satisfactory and rewarding experience to see how articles developed in this way. I therefore want to thank the referees who have helped during the past years to enhance the quality of the articles in *Lexikos*.

For the past ten years, since 2001, Ms Riette Ruthven has been responsible for the typesetting of *Lexikos*. Apart from her efficiency on the computer, she

http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/20-0-128



has an eye for detail and layout which has improved both the quality and appearance of *Lexikos*. I want to thank her for her part in the production of *Lexikos* which was undoubtedly instrumental in its increasing success. She was also largely responsible for the extensive administrative duties of *Lexikos* which considerably lightened the burden of the editor. The typesetting of future issues will be handled by Ms Hermien van der Westhuizen, who together with Ms Tanja Harteveld, Ms Hanlie Meitzler and Mr Etienne Botha managed the typesetting of the first eight issues of *Lexikos*. It is pleasant to welcome her back. Hopefully her renewed association with *Lexikos* will prove as stimulating as before.

Over the years, Ms Tanja Harteveld has, apart from her contribution to the typesetting, assisted in solving many computational hitches and problems. In addition to her acting as Review Editor, she will also be responsible for the administrative duties of *Lexikos*. I want to thank her for her help in the past and wish her a continuing successful connection with *Lexikos* in the future.

J.C.M.D. du Plessis
*Bureau of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal*